



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

OOP OPVOEDKUNDIGE HULPBRONNE BELEID

Verwysingsnommer	8P_8.7
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Beleideienaar	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Verantwoordelike afdeling	Onderrig en Leer
Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	16 Maart 2023
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2026

OOP OPVOEDKUNDIGE HULBRONNE-BELEID

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Oop Opvoedkundige Hulpbronne-beleid van die NWU op 16 Maart 2023 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 67 van 2008;
- 1.4 Wet op Kopiereg, 98 van 1978;
- 1.5 Statuut van die Noordwes-Universiteit ('die Statuut'), en met
- 1.6 alle verwante beleide van die NWU en die Noordwes-Universiteit se Oop Opvoedkundige Hulpbronne-verklaring van 2018.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid, tensy dit uit die samehang anders blyk –

beteken “inhoudontwikkelaar” enige persoon (tipies 'n outeur) wat betrokke is by die ontwikkeling van onderrig- en leermateriaal;

beteken “kopiereg” kopiereg kragtens die Wet op Kopiereg, 1978;

verwys “**Creative Commons**” na die globale organisasie sonder winsoogmerk wat die bepalings van oop lisensies verskaf om te help om wetlike struikelblokke vir die deel van kennis en kreatiwiteit te oorkom;

verwys “**Institusionele Bewaarplek**” na Boloka, die institusionele bewaarplek van die NWU;

beteken “**lokalisering**” die aanpassing van oop opvoedkundige hulpbronne (OOH) ten opsigte van taal en inhoud om geskik te wees vir 'n geselekteerde konteks;

beteken “OOH”, soos omskryf in die UNESCO-aanbeveling oor OOH (2019), leer-, onderrig- en navorsingsmateriaal in enige formaat en medium wat in die openbare domein is of onder kopiereg is wat onder 'n oop lisensie vrygestel is, wat kostelose toegang, hergebruik, heraanwending, aanpassing en herverspreiding deur ander individue toelaat;

beteken “OOH-skepping” die ontwikkeling of vervaardiging van oorspronklike of aangepaste gehalteversekerde OOH;

beteken “oop onderwys” 'n versameling van praktyke wat baat by aanlyn tegnologie om kennis vryelik te deel;

beteken “oop leer” 'n benadering tot leer waar OOH gebruik en geskep word, terwyl leerdergesentreerdheid en buigsaamheid voorgestaan word, toegang oopgemaak word en selfgerigte leer bevorder word – terwyl diversiteit omarm word en die dekolonisering van die kurrikulum binne 'n multimodale omgewing ondersteun word;

beteken “oop lisensie” ’n lisensie wat spesifiseer wat met ’n werk gedoen kan word en nie (hetsy klank, teks, beeld of multimedia), toestemmings verleen en beperkings stel.

3 Beleidsverklaring

Op grond van die Universiteit se *Oop Opvoedkundige Hulbronne-verklaring* is dit die beleid van die NWU –

- 3.1 om die skepping, hergebruik, hersiening, hermenging, herverspreiding, retensie en lokalisering van OOH binne ’n oop lisensiëringsraamwerk te bevorder en te implementeer deur die gebruik van oop pedagogiese beginsels ten einde oop leer en oop onderwys te ondersteun;
- 3.2 om uit te munt in innoverende leer en onderrig asook baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien;
- 3.3 om verbind te wees tot die ontwikkeling van ’n omvattende reeks akademiese, professionele, beroeps- en algemene programme wat ingestel is op die samelewing se behoeftes;
- 3.4 om ingestel te wees op die welsyn van sy personeel, studente en die breër gemeenskap deur optimale interaksie, kapasiteitsbou en goeie bestuurspraktyke;
- 3.5 om te beweeg in die rigting van ’n “oop” agenda tot opvoedkundige hulbronne.
- 3.6 om te poog om:
 - i. by te dra tot ’n groter impak en internasionalisering deur die aanlyn oop publikasie van akademiese inhoud;
 - ii. by te dra tot die ontwikkeling van innoverende entiteite van vakkundigheid, veral binne ’n konteks van finansiële druk en beperkte toegang tot inhoud onder studente in hoër onderwys in Suid-Afrika en elders, en
 - iii. is verbind tot akademiese en professionele vryheid van akademici.

4 Beleidsdoelstellings

Die doelstellings van hierdie beleid is om –

- 4.1 die nodige strategiese insette, uitsette, take en prestasie-aanwysers te formuleer om OOH-skepping, -aanvaarding, -aanpassing en -integrasie in die ontwikkeling en aflewering van kursusse te bereik;
- 4.2 bewustheid te kweek onder alle werknemers oor die konsep en praktyke wat verband hou met OOH, oop pedagogie en oop leer;
- 4.3 kapasiteit onder akademiese te bou en werknemers te ondersteun om OOH toepaslik te gebruik in hul professionele interaksies, oop pedagogie, oop leer en oop onderwys;
- 4.4 institusionele riglyne en handleidings voor te berei vir OOH-skepping, -aanvaarding, -aanpassing en -integrasie sowel as oop leer en oop onderwys;
- 4.5 ’n institusionele bewaarplek tot stand te bring om OOH te versprei in samewerking met Biblioteek- en Inligtingsdienste en NWU Inligtingstegnologie;
- 4.6 deurlopend te monitor en te verseker dat die beleid doeltreffend geïmplementeer word;
- 4.7 ’n doeltreffende terugvoermeganisme van die betrokke belanghebbendes te ontwikkel en in te sluit wat ingeligte besluite vir enige middeltermyn-regstellings tydens OOH-implementering kan fasiliteer;
- 4.8 veranderinge aan die proses te inkorporeer gebaseer op nuwe ontwikkelings op die gebied van OOH en die onderrig- en leerkonteks van die NWU;
- 4.9 die verkryging van nuwe tegnologieë, hardeware, sagteware en internetkonnektiwiteit te bevorder en nuwe infrastruktuur te bou vir effektiewe OOH-skepping en -integrasie, en
- 4.10 om die Universiteit te verbind om te netwerk en saam te werk met organisasies en ander universiteite waar OOH gebruik of ontwikkel word.

5 Omvang en toepassing

Tensy uitgesluit deur die Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer is hierdie beleid van toepassing op OOH-onderrig- en leerinhoud van –

- 5.1 alle akademiese en ondersteuningsdepartemente van die Noordwes-Universiteit;
- 5.2 alle inhoudontwikkelaars binne die Universiteit en diegene wat op 'n tydelike of kontraktbasis deur die NWU in diens geneem word;
- 5.3 alle tipes leermateriaal wat in fisiese of elektroniese formaat vrygestel word;

In gevalle waar materiaal in samewerking of in vennootskap met ander instansies ontwikkel word, moet die riglyne wat die samewerking of vennootskap reguleer, soos aangedui in die memorandum van verstandhouding of memorandum van ooreenkoms, voorrang geniet, met dien verstande dat enige sodanige ooreenkoms die bepalings van hierdie beleid behoorlik in ag moet neem voordat daar op enige afwyking ooreengekom word en dit deur die verantwoordelike owerheid van die NWU goedgekeur word.

6 Verantwoordelikhede

- 6.1 Die universiteitsbestuur moet alle pogings tot die aanvaarding, integrasie en deel van OOH in kursusontwerp, ontwikkeling, gehalteversekering en lewering van oop pedagogie bevorder en beloon ten einde oop leer en oop onderwys te ondersteun.
- 6.2 'n OOH-outeur mag, as die uitgewer en die kopieregeienaar, besluit oor die inhoud wat as OOH gepubliseer moet word in oorleg met die direkteur van die betrokke Skool of Navorsingsentiteit.
- 6.3 Akademiese en ondersteuningspersoneel moet verbind wees tot die filosofie van OOH in die bou van kapasiteit en positiewe houdings vir effektiewe skepping, aanvaarding en integrasie van OOH in die ontwikkeling en aflewering van kursusse sowel as ander professionele interaksie.
- 6.4 Akademiese en ondersteuningspersoneel moet geskikte aktiwiteite beplan en implementeer wat die skepping, aanvaarding, aanpassing en integrasie van OOH behels om kursusse en programme vir die leerders aan te bied om hulle in staat te stel om toepaslike bevoegdhede vir verlangde kwalifikasies te verkry deur oop leer en oop onderwys.
- 6.5 Die NWU Oop Opvoedkundige Hulppronne-subkomitee van die Senaatskomitee vir Onderrig en Leer (OOH-subkomitee) bestuur en hou toesig oor die vestiging, die ontwikkeling en die gehalteversekering van oop opvoedkundige pedagogie en OOH-bewaarplek of -plekke.

7 Gehalteversekering en -hersiening

- 7.1 OOH wat deur die NWU verskaf word, moet aan gehalteversekering en -hersiening onderwerp word.
- 7.2 Die OOH-subkomitee moet die aanvaarding van OOH deur die NWU, oop leer en oop-onderwys-gehalteversekering en besteparkryglyne en -aanwysers koördineer.
- 7.3 Die OOH-subkomitee moet jaarliks aan die Senaatskomitee vir Onderrig en Leer verslag doen.
- 7.4 Interne fakulteit-OOH-gehaltestrukture moet gevestig word in ooreenstemming met die behoeftes en deelname aan die NWU OOH-inisiatiewe van die betrokke fakulteit.
- 7.5 Alle leerhulppronne moet eweknie-geëvalueer word deur 'n interne fakulteitstruktuur voordat dit op die OOH-bewaarplek opgelaaï mag word, en die tydperk van sodanige oplading moet bepaal word ten tyde van indiening.

8 Kopiereg en lisensiëring

- 8.1 Kopiereg in onderrig- en leermateriaal, insluitende materiaal wat in opdrag van die Universiteit geskep word, berus by die inhoudontwikkelaar.
- 8.2 Onderhewig aan hersiening deur die interne OOH-gehaltehersieningstruktuur kan die inhoudontwikkelaar op die tipe lisensie besluit.
- 8.3 Wanneer bestaande OOH hersien of hermeng word, is dit die inhoudontwikkelaar se verantwoordelikhede om aan lisensievereistes te voldoen.

- 8.4 Die lisensieverklaring aangaande die OOH moet in die volgende formaat gemaak word:

20XX [Outeur(s)]. Noordwes-Universiteit. Tensy anders vermeld, is hierdie werk gelisensieer onder die bepaling van die Creative Commons - Attribution-ShareAlike [CC-BY-SA 4.0].
Vir 'n afskrif van hierdie lisensie, besoek <https://creativecommons.org/licenses/by-sa/4.0/>

- 8.5 Kopiereg in die institusionele logo van die NWU wat in al sy materiaal gebruik word, word deur die Universiteit voorbehou en die gebruik van die logo sonder skriftelike toestemming word nie toegelaat nie.
- 8.6 Die NWU ondersteun gratis en oop toegang tot alle opvoedkundige inhoud wat hy besit of mede-besit en moet dit beskikbaar stel deur die OOH-bewaarplek onder 'n geskikte Creative Commons-lisensie.
- 8.7 Die OOH-subkomitee kan toegang tot onderrig- en leermateriaal beperk indien hy sodanige materiaal as kommersieel sensitief beskou.

9 Aanspreeklikheid

'n Vrywaring in die volgende formaat moet alle OOH-materiaal vergesel:

Hierdie publikasie word vir opvoedkundige doeleindes vrygestel, en alle inligting daarin vervat word op 'n 'soos dit is'-basis verskaf. Alhoewel die outeur en uitgewer alles moontlik gedoen het om te verseker dat die inligting in hierdie publikasie korrek was ten tyde van publikasie, aanvaar die outeur geen aanspreeklikheid teenoor enige party vir enige verlies, skade of ontwrigting wat deur foute of weglatings veroorsaak is nie, ongeag of sodanige foute of weglatings voortspruit uit nalatigheid, ongeluk of enige ander oorsaak. Enige menings wat in die publikasie uitgespreek word, is dié van die outeur, en weerspieël nie noodwendig die standpunte van die Noordwes-Universiteit nie. Alle produkte en dienste wat genoem word, word deur hul onderskeie kopiereghouers besit, en aanbidding in die publikasie beteken nie dat dit deur die Noordwes-Universiteit onderskryf word nie. Afgeleides van hierdie werk is nie gemagtig om die logo van die Noordwes-Universiteit te gebruik nie. Intellektuele eiendom moet deur gebruikers erken word.

10 Institusionele reëlings

- 10.1 OOH wat by die Noordwes-Universiteit geproduseer word, kan op 'n aanlyn institusionele of in 'n ander geskikte eksterne bewaarplek gehuisves word.
- 10.2 Kapasiteitsbou en gereelde bywerkings en opleiding oor nuwe verwikkelings op die gebied van OOH moet deur die NWU se Sentrum vir Onderrig en Leer onderneem word vir belanghebbers wat betrokke is by OOH-skepping, -aanvaarding, -aanpassing, -integrasie, oop leer en oop onderwys met die ondersteuning van die UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en OOH.
- 10.3 Die Sentrum vir Onderrig en Leer moet die vertaling en lokalisering van OOH fasiliteer om gekontekstualiseerde leer en verwesenliking van die Universiteit se taalbeleid van funksionele meertaligheid moontlik te maak.